



**VRAAG 1**

Luister na **Snit 1**.

1.1 Maak vier (4) regmerkies om eienskappe te identifiseer wat in die musiek aanwesig is.

Hobosolo		Chromatiek	
Veranderende tydmate		Dubbelgreepspel	
Drieklankharmonie		Onreëlmatige tydmate	
Molto ritardando		Fluitsolo	
Pizzicato		Polifonies	

(4)

Luister na **Snit 2**.

1.2 1.2.1 Gebruik een woord om die tekstuur van die uittreksel te beskryf.

(1)

1.2.2 Definieer die term wat jy in Vraag 1.2.1 gekies het.

(1)

Luister na **Snit 2a**. Dit is net die melodie van Snit 2.

1.3 Noteer die ritme wat jy hoor. Onthou om die tydmaatteken in te sluit.



(4)

Luister na **Snit 3** en **Snit 4**.

1.4 1.4.1 Maak twee (2) regmerkies in **elke** snit se kolom om te beskryf wat jy hoor.

<b>SNIT 3</b>		<b>SNIT 4</b>	
Ritmiese verkleining		Koperblaasinstrumente	
Toonleermelodie		Ritmiese vergroting	
Ritmiese vergroting		Ritmiese verkleining	

(0,5 × 4 = 2)

1.4.2 Beskryf die verskil tussen die twee **komposisietegnieke** wat in Vraag 1.4.1 genoem word.

(1)

**[13]**

**VRAAG 2**

Luister na **Snit 5**.

- 2.1 Waarom sal jy hierdie werk as 'n tipiese Romantiese werk beskou? Verwys na spesifieke voorbeelde uit die werk om elke kenmerk wat jy noem te ondersteun.

---

---

---

---

---

---

---

---

(3)

- 2.2 Beskryf  **twee**  maniere waarop Schubert spanning in hierdie komposisie skep.

---

---

---

---

---

---

---

---

(2)

- 2.3 Schubert het gekies om die laaste woorde van die lied ("*In seinen Armen das Kind war tot*") in resitatief te toonset.

Luister na **Snit 6** en **Snit 7**.

Elke snit is die laaste strofe van Goethe se gedig "Der Erlkönig", geneem uit toonsettings deur twee ander komponiste. Beskryf hoe elke komponis die woorde "*In seinen Armen das Kind war tot*" getoonset het. Evalueer die effektiwiteit van elkeen van die toonsettings in vergelyking met Schubert se toonsetting. Dui aan watter toonsetting (Snit 6 **OF** Snit 7) jy verkies en gee 'n rede vir jou keuse.

This image shows a blank sheet of white paper with horizontal ruling lines. The lines are evenly spaced and extend across the width of the page. There are no margins, text, or other markings on the paper.

(8)  
[13]

**VRAAG 3**

Verwys na die temas gemerk **Bylaag 1** in die Bronmateriaalboekie.

- 3.1 Identifiseer elke tema met betrekking tot die struktuur van die beweging waaruit dit geneem is.

Tema A: \_\_\_\_\_

Tema B: \_\_\_\_\_

Tema C: \_\_\_\_\_

Tema D: \_\_\_\_\_ (4)

- 3.2 Identifiseer die nieharmoniese note gemerk (i) in Tema C.

\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_ (1)

- 3.3 Verduidelik die belangrikheid van die ritme van Tema D in die konteks van die hele simfonie.

\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_ (2)

Luister na **Snit 8**.

- 3.4 3.4.1 Op watter tema is hierdie seksie van die beweging gebaseer?

\_\_\_\_\_ (1)

- 3.4.2 Verduidelik met verwysing na die ritme en tempo hoe Beethoven hierdie tema manipuleer om die klimaks aan die einde van hierdie beweging te skep.

\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_ (2)

- 3.5 Beskryf een strukturele en een ander innovasie in hierdie simfonie wat dit onderskei het van ander werke in hierdie genre en Beethoven as die oorgang tussen die Klassieke en die Romantiese simfonie gevestig het. **Moenie enige antwoorde herhaal wat jy reeds gegee het nie.**

---

---

---

---

---

---

(2)

Verwys na **BYLAAG 2** in die Bronmateriaalboekie.

- 3.6 3.6.1 Identifiseer die tema gemerk **Tema X** op die partituur in terme van die struktuur van die beweging.

---

(1)

- 3.6.2 Noem op grond van Tema X die komposisietegnieke wat in die blokke gemerk **Y** en **Z** gedemonstreer word.

Y = \_\_\_\_\_

Z = \_\_\_\_\_

(2)

**[15]**

**VRAAG 4**

Luister na **Snit 9** en **Snit 10**.

- 4.1 Kies drie eienskappe van **Snit 9** in Kolom A en drie eienskappe van **Snit 10** in Kolom B. Kies twee gemeenskaplike eienskappe van die snitte in Kolom C.

	<b>KOLOM A Snit 9 3 regmerkies</b>	<b>KOLOM B Snit 10 3 regmerkies</b>	<b>KOLOM C Snit 9 &amp; Snit 10 2 regmerkies</b>
Orkesbegeleiding			
Drieslagmetrum			
Monofoniese tekstuur			
Enkelvoudige maat			
Ensemble			
Lied			
Koor			
Triole			
Polifoniese tekstuur			
Pizzicato			
Opera			

(8 ÷ 2 = 4)

- 4.2 Vergelyk die twee genres wat deur **Snit 9** en **Snit 10** verteenwoordig word deur die tabel hieronder te voltooi. Skryf een feit per blok.

<b>ELEMENT VIR VERGELYKING</b>	<b>GENRE VERTEENWOORDIG DEUR SNIT 9</b>	<b>GENRE VERTEENWOORDIG DEUR SNIT 10</b>
Makrostruktuur		
Taal		

(4)

Luister na **Snit 11**.




4.3 4.3.1 Merk drie blokke om te beskryf wat jy hoor.

Alberti-bas	Sekwensie	Pentatoniese melodie
Mineur tonaliteit	Vers en koor	Pedaalpunt
Deurgekomponeer	A A B A	Homofoniese tekstuur

(3)

4.3.2 Luister na **Snit 11a**. Dit is die openingsfrase van **Snit 11**.

Maak een regmerkie om die vorm van die melodie te toon.

(1)

4.3.3 Gee 'n voorbeeld van woordskildering in die lied.

---



---



---

(1)



Luister na **Snit 12**.

4.4 4.4.1 Noem die karakter wat jy hoor en dui sy rol in die opera aan.

(1)

4.4.2 Mozart was 'n meester wat betref die weerspieëling van die handeling op die verhoog en die emosies van die karakters in sy musiek. Voltooi die tabel hieronder deur die handeling/emosie in die eerste kolom en die musikale toonsetting in die tweede kolom aan te dui.

HANDELING/EMOSIE	MUSIKALE TOONSETTING
Die karakter se stappery	
	Versiering aan die einde van elke frase
Die karakter se ongelukkigheid oor sy posisie in die lewe	
	Rammelsang

(4)

**[18]**

**VRAAG 5**

Luister na **Snit 13** en **Snit 14**. Elkeen is verteenwoordigend van een van die style van Suid-Afrikaanse stadsmusiek wat jy vanjaar bestudeer het.

Skryf 'n opstel waarin jy die twee stukke stilisties vergelyk. Verskaf agtergrondinligting, met inbegrip van die dekade waarin elke styl gewild geraak het en die sosiale konteks waarin hulle ontwikkel het.

Gee jou eie mening oor watter snit jy verkies en regverdig jou keuse met verwysing na die elemente van musiek.

Jou opstel sal nagesien word deur die volgende rubriek te gebruik:

<b>RUBRIEK VIR OPSTEL</b>	
20–16	Toon duidelik 'n diepgaande begrip van die style, lewer feitelike bewys, voltooi al die vereistes en verskaf 'n insiggewende vergelyking van die twee werke met verwysing na beide die algemene kenmerke van die styl en die spesifieke eienskappe van die twee snitte. Eie mening van die werke word met insig en spesifieke verwysing na die gebruik van die musiekelemente aangebied.
15,5–10,5	Toon 'n begrip van die style, voltooi al die vereistes, lewer feitelike bewys en verskaf 'n vergelyking van die twee werke, met verwysing na beide die algemene kenmerke van die styl en die spesifieke eienskappe van die twee snitte. Eie mening van die werke word aangebied met beperkte insig en ietwat veralgemening in terme van die gebruik van die musiekelemente.
10–5,5	Kan al die vereistes aanspreek, maar toon slegs 'n gedeeltelike begrip van die style en beperkte feitelike bewys. Vergelyking van die twee werke is beperk met slegs gedeeltelike verwysing na óf die algemene kenmerke van die styl óf die spesifieke eienskappe van die twee snitte. Eie mening is beperk met min of geen verwysing na die gebruik van die musiekelemente nie.
5–0,5	Toon minimale begrip van die vraag, voltooi nie al die vereistes nie en verskaf slegs 'n vae verwysing na die feite of geen gebruik van feite nie. Geen vergelyking of mening word aangebied nie.

[illegible]

[illegible]

**VRAAG 6**

Luister na **Snit 15** wat 'n verwerking van een van jou voorgeskrewe werke is.

6.1 Identifiseer die voorgeskrewe werk.

(1)

6.2 Gebruik die opskrifte in die tabel hieronder om hierdie verwerking met die oorspronklike weergawe van hierdie werk te vergelyk. Skryf een feit per blok in aantekeningvorm.

(12)

<b>ELEMENTE VIR VERGELYKING</b>	<b>OORSPRONKLIKE WEERGAWE</b>	<b>SNIT 15</b>
Metrum		
Begeleidingspatroon		
Gebruik van die tromstel		
Instrument wat die melodie speel		
Solo's/Improvisasie		
Toonkleur		

[13]

**VRAAG 7**

Verwys na **Bylaag 3** en luister na **Snit 16**.

Hierdie vertolking van "Meadowlands" deur Dorothy Masuka is baie anders as die Nancy Jacobs-weergawe en is meer weerspieëlsend van die stemming in Don Mattera se gedig "The Day They Came For Our House: Sophiatown".

Skryf kommentaar oor hierdie weergawe van "Meadowlands" met betrekking tot die beeld en die gedig in **Bylaag 3**. Oorweeg die emosionele impak van hierdie weergawe, in teenstelling met die weergawe van die voorgeskrewe werk van die lied, en gee jou mening oor watter een effektiewer is as 'n stuk protesmusiek. Verwys in jou antwoord spesifiek na die materiaal wat in die bylaag voorsien word.

[illegible]

[8]

**Totaal: 100 punte**